Meer as oorwinnaars

Elize Viviers herstel mooi na haar rugoperasie, bid asb. steeds vir haar.

Henoch Schoeman sal moontlik die week hoor wanneer hy sy operasie sal ondergaan.

Rina (50) suster van Christian en Hulda Stoop het gesterf. Ons dra vir hulle en die kinders Conrad en Chris aan die Here op, mag hulle elke dag Jesus se troos en liefde ervaar.

Dolf Crafford (86) vader van Phillip en Anadra het 'n heup gebreek, deur 'n epiduraal te ontvang kon hulle vir hom 'n pen in sy been en heup sit. Bid asb. vir hom, hy veg ook op sy ouderdom teen kanker en het 8% nierfunksie oor.

Rina Knoessen het in die week 'n knieoperasie ondergaan waarin die kraakbeen verwyder is, bid asb. vir haar wat na 'n lang herstel met rugprobleme amper moedeloos is, dat sy nuwe moet sal ontvang en op die pad van herstel nuwe krag sal kry.

Nela Rossouw (91) suster van Elsie Pienaar (97) het gesterf. Ons kon vir haar 'n diens hou ter viering van haar lewe aan huis van Susaar. Die aarde bestelling is op die plaas. Ons dra die familie aan die Here op.

Alida van Zyl het 'n senuwee wat vasknyp in haar rug en sal eersdaags geopereer moet word. Ons bid vir haar dat sy spoedig gehelp sal word en dat sy deur die Here se seën weer 'n kwaliteit lewe mag terugkry.

Marie Jacobson het spiere beseer terwyl sy van die rugoperasie herstel, sy is steeds haar ou self - vol humor, bid asb. dat sy volkome mag herstel.

Louise Human herstel tuis na die voetoperasie. Ons bid dat sy ook genesing sal kry en dat die pyn en ongemak gou iets van die verlede sal wees.

Hester Janse van Vuuren is Sondag in Unitas opgeneem met asemnood, sy het in die week 'n stent ontvang en die dokter sou ook 'n tweede aar "oopboor". Dra haar in gebed aan die Here op dat sy weer nuwe lewe sal hê na hierdie prosedures.

Corrie Theron van Rusoord herstel van 'n enkelbesering, mag sy elke dag Jesus se liefde ervaar.

RUSOORD CENTURION

Die volgende kamers is tans beskikbaar in Rusoord se selfversorgende afdeling:
2 Dubbelkamers wat as 'n enkel of dubbelkamer gehuur kan word.
1 Enkelkamer
Daar is tans geen opening in die verswakte afdeling nie.
Indien u sou belangstel maar tans nie gereed is vir die verskuiwing nie, is u welkom om 'n aansoekvorm te voltooi en u naam op die waglys te plaas.
Vir enige navrae, kontak Matrone Magda Colkett by 012 – 664 5835/6

Prediker: *Ds. Gideon du Toit*

Skriflesing: *Filemon*

Tema: *Word 'n geestelike vader!*

Liedere: *184:1-3; 203:1,3,4; Hal.437; 276:1,2; 265:1,2; 273:1,3,4*

Rusoord: ***10:30 & 16:45*** **JEUG: 18:00**

Omgeekerk
Lyttelton-Noord
Ons Reik Uit Na Elkeen!

Die Kankondigen

22 Julie 2018

'n Gebed om God se wil te ken

Psalm 139:16 NLV

Die Psalmdigter het geskryf: 'U het my gesien voor ek gebore is. In u boek is alles opgeteken; elke dag is bepaal voordat een van hulle daar was. Kosbaar is u gedagtes vir my, o God!..' (verse 16-17 NLV).

As jy wil weet wat God se wil vir jou lewe is, bid die volgende gebed: 'Here, U het my geken voor ek gebore is, U het my gevorm en vir 'n spesifieke doel geskep. Gee my asseblief 'n duidelike visie van alles wat U in en deur my lewe wil doen. Ek het 'n desperate behoefte daaraan om te verstaan wat die roeping waarvoor ek geskep is, is (sien Efesiërs 4:4), en '...hoe enorm groot die krag is wat God gebruik in ons wat glo...' (Efesiërs 1:19) om my in staat te stel om u doel te vervul. Wys my die gawes wat U in my geplaas het en hoe ek hulle tot eer van U kan ontwikkel en gebruik (sien Romeine 12:6). Help my om met vrymoedigheid te bid (sien Efesiërs 3:20). Ek wil ontvanklik wees vir dit wat U vir my het en nie u seëninge verbeur nie. Help my om nie aan dinge en verhoudings vas te hou wat nie van U af kom nie. Ek wil u wil met my hele hart dien (sien Psalm 40:9). Help my om u stem te hoor en gee my die genade en moed om u leiding te volg wanneer ek bang is (sien Johannes 10:4). Mag die begeertes van u hart die begeertes van my hart word. Vergroot my kapasiteit om te glo dat U dit kan neem wat ek het en dit kan vermeerder bo enigiets wat ek aan kan dink. In Jesus se Naam bid ek dit, amen.'

Deur Bob en Debby Grass

ONS WAARDES Lê OPGESLUIT IN EFESIëRS 4: 1 - 3

Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.

Kennisgewingbord

BRUINGELD

Tans is die daar **vanaf Mei 2017** al **R 3529.00** ingesamel vir Sending

Deurkollekte

Die week gaan dit vir: **Instandhouding**

!!! Basaar 11 Aug !!!

Daar is **GROOT** pryse te wen met die Hoede-Geleentheid wat tydens die basaar gaan plaasvind. Een daarvan is: "Top to Toe Package and use of Spa facilities at **OCTAVIA'S Day Spa,** Emperors Palace". Onder andere is daar ook verblyf in die **Centurion Lake Hotel**. Verdere pryse te wen is ... Nee, net nou gee ek al die geheime weg, kom kyk en hoor self. Groete Sue

Ons benodig

Ons kort nog 8 Gazebo's om te leen vir die Basaar op 11 Aug. As u ons kan help sal ons dit opreg waardeer. Indien nodig sal ons dit by u kom haal en weet terug besorg aan u.

!! Sending Nuus !

Tersa Kellerman sal ons gemeente op 29 Julie besoek om ons meer van haar werk in Asia te vertel. Die deurkollekte sal ook daardie Sondag aan haar geskenk word.

BYBELSTUDIEGROEPE :

Maandag	09:00	Rusoord				
Dinsdag	09:00	Noorde	10:00	La Vie		
Woensdag	09:00	Parkrand	10:00	Lofdal		
Donderdag	09:00	Dienssentrum	10:00	La Borie	11:00	Protea

Baie geluk aan almal wat 22 Julie tot 28 Julie verjaar

Noemnaam	Van	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Pierre	Du Toit	07/24	082 781 2399	082 781 2399
Corne	Kriek	07/24	012 664 2329	071 119 3748
Luke	Bouwer	07/25		083 452 1625
Pieter	Swanepoel	07/26	073 277 3454	082 781 0587
Karen	Bothma	07/27	012 664 4324	082 279 9170
MATT	Van Aarde	07/27		
Elize	Harrington	07/28	012 664 4636	082 787 9971
Isa	Scholtz	07/28	012 664 6009	082 538 0452

Winter projek vir hulp aan Behoeftiges

Ons hoor elke dag op die media van die Winterhoop projek en ek dink dat ons regtig ook 'n bydrae kan maak. Ons vra dat u tweedehandse komberse asseblief kerk toe sal bring sodat ons dit kan uitdeel teen die einde van Junie. Verder daag ons die dames uit om vir ons mussies te brei wat ons vir mense in hierdie koue dae kan verskaf. U kan alles by die kerkkantoor afgee. Patrone vir die mussies kan u ook by Sue kry indien u nie 'n patroon het nie. Skakel Jansie by 073-179-3295 indien u enige navrae het.